IETS UIT NIETS

Hoor jy baie die woorde "Ek is boring"
as jy sekere dele van die graadwielwerk behandel?
Voel jy of jy teen 'n muur vaspraat?
Is jou gedagtes afgestomp, voel jou brein suf?
Kom steek dan kers op by ons voor dit muf!!

Maak iets uit niets! Wees kreatief – leer jou P/D's kreatief dink!!
Omtower weggooigoed in mooigoed wat jou kan help om graadwielwerk speel-speel en met byna geen uitgawes interessanter te maak.

Vra elke kind om 'n groot swartsak vol te maak met die volgende: dik sykante van tamatiekassies, knipmes/ou kombuismes met skerp punt, 'n paar skuifspelde, ou kantoorrekkies, ou deurslagpapier(koolpapier), ou rekenaarpapier, ou sykouse, sponsies, wasgoedpennetjies, ou tandeborsels, toiletrolletjies, koekiedrukkers, sjokoladevormpies, margerinebakkies, polistireenglasies, plastiekteelepels, strooitjies, gewasde sosastiestokkies (kitskosweggooigoed) blink pasteibakkies, stukkies kers, geskenklint, gedroogde blomme/ blare, ou telefoongids, ou plastiekplantbakkies, plastiek "Coke"-bottels, riete, besemstokstukke, enige tou, vislyn, ou tydskrifte en koerante, gebruikte kerskaartjies/verjaarsdag ens., ou mop/besem, 'n bakkie vol klein goetertjies soos krale, knope, gelukspakkie-speelgoedjies ens., sade, die sokkie wat die wasmasjien nie opge-eet het nie, pilbotteltjies (Leeg en gevul met enige oorskietverf, lap-, water-, metaalverf ens.maak 'n draai in die motorhuis vir die amper leë blikke), kitspapbokse, leë blikkies, spuitblikkies se doppies, papierborde, vuurhoutjiedosies, oorskietlappies, ou gordynvoerings, ou witterige kussingslope, wolletjies, ou grimering wat ma uitgooi, ou wye rok van ma, ou hemp, broek, hoed van pa, nuwe of ou blikbord, -bakkie en beker, bo en onderkant van appelboks, (Hierdie is net 'n paar voorbeelde, jy mag dalk nog aan baie ander kan dink!!)

Wat dalk aangekoop moet word as kinders nie het nie: gom, verskeie soorte, veral projekgom, inkleurgoed, vetkryt, koki's, gekleurde penne, blinkers, sterre, gips, skêr.

Laat kinders hul appelbokse mooi versier soos hulle wil, plak met prente, plak goetertjies, verf ens. met elkeen se naam groot daarop. Wanneer daar 'n artikel gemaak was, kan dit dan hierin gebêre word.

Wat maak ons nou met al die swart sak se "gemors"?

Groot Trek: Teken 'n eenvoudige landkaart met die Groot Trek-roetes daarop, op die ongebleikte linne (ou plastiektafeldoek/stortgordyn se agterkant kan ook werk), Die kinders "trek" op die roetes met hul **osse en waens** gemaak van soutklei en vuurhoutjiedosies (waens kan selfs van skoendose gemaak word – hoe kleiner die kind hoe groter die wa, en Trek dan op die "landkaart" rond, of trek op die rugbyveld rond! Plant bv dorpname orals waarheen hulle moet trek) Vermom sy nuwe 4x4 soos 'n ossewa. Kaskarre?!! Gebruik rollespel om bv. verskeie trekleiers voor te stel ("grootmensklere") ens. Besemstokperde (moppe werk ook goed), kan gebruik word om "verkenners" mee uit te stuur. Ou grimering - om vyandige krygers voor te stel - nou word "boring" Geskiedenis darem baie lekker!!

Soorte klei
Pottebakkersklei by kunswinkels, Fi-dough (nie seker van spelling) en tuisgemaakte soutklei:
Soutklei resep: 6 k koekmeel 4 K Sout, 3-5 Eetlepels Olie – koppie water, meng sout en water in kastrol op lae hitte, tot sout opgelos is, roer meel by, (nog bietjie water indien nodig)vorm deeg, brei goed sodra afgekoel/hanteerbaar is, voeg voedselkleursel by indien verlang, verseel in plastieksak sodra heeltemal koud

Kleiner hoeveelheid – 2 Eetlepels meel, 1 E Sout, 1 E Olie ½ tot 1 E water

Soutklei wat hard moet word – gelyke hoeveelhede sout en meel, los sout eers op in water voeg meel by – vorm 'n deeg - nie nodig om te kook nie – los olie weg – verpak ook lugdig.

Oefen maar eers vooraf, as die dag baie warm is, wil die klei nie maklik werk nie!

Outydse speelgoed - lappoppies, "gerolde poppies" sien aparte aanwysings, skoendoosbedjies ens. – karretjies/waentjies – tolletjie-kruiptrekkers – ketties (leë coke bottels vir teikens – plak bv "bokgesigte" daarop, vlieërs (kites)!

Appelbokse word selfs Jan van Riebeeck se skippies, ens.

Vuurmaak/kosmaak in die veld: maak 'n stofie met jou leë **blikkie** en kersie, bak op sy boom plaatkoekies, of braai aan die oopkant 'n malvalekker of weenseworsie aan sosatiestokkies ens. (Versier blikkie met gaatjiespatroon – teken eers patroon op stukkie papier, plak om blikkie vas, kap gaatjies op lyntjies met spyker deur, sit handvatseltjie aan dan kan jy dit vir 'n lantern ook gebruik) As blikkie vol sand is, of water wat gevries is, kap 'n mens makliker gaatjies daarin.
Versierings kan ook gemaak word met **brandwerk** op plankies (tamatiekissie) – dit kan gebruik word vir muurbehangsels of bv. "warmmatjies" vir kastrolle of bakke om op te staan. (Warmgemaakte stewige draad "fietspeke", ystertjies ens. (oor 'n gasvlam/stofie warmgemaak), of 'n soldeerbout kan gebruik word om prentjies op hout uit te brand, die prente kan vooraf op die hout afgetrek word deur deurslag/koolpapier tussen die prent (Bv. Die Voortrekkerwapen of 'n spanembleem ens) en die hout te sit en dan die buitelyne af te trek of enige eie ontwerp kan op die hout geteken word.

Menswees: Kaartjies en geskenkies maak vir maatjies, verjaarsdag, moeders- en vadersdag, kerskaartjies, uitnodigings, bedankings, spyskaarte, plekmatjies ens, ens. Hier kan elkeen hom/haar lekker uitleef, en plak, verf, spoeg soos die gier hul vat!!
Gipsvormpies kan gemaak en versier word, hetsy met positiewe en negatiewe metode, (sal gedemonstreer word) of sjokoladevormpies, koekiedrukkers ens. kan gebruik word. Moedig kinders aan om hul eie versies/bewoordig by te sit (Ons Taal) en

Kommunikasie: – blikkie-telefoon, speletjies soos "hand"telegram aanstuur - telefoontjie (fluister boodskap) - rekenaars – e-pos, fakse ens. Groter kinders wat toegang het tot 'n rekenaar, kan elkeen op 'n gegewe spandag by die huis bly en net met die rekenaars met mekaar kommunikeer (as ouers toestem natuurlik)

Voortrekkerfeite aanstuur, vraelysies voltooi, ens. Wys hulle hoe om op Die Voortrekkers se webwef in te gaan!! Stuur eie spanberigte deur om in die Hou Koers te laat publiseer!! Uitnodigings, dankie-briefies ens. Maak jou eie papier met ou koerante. Of "Storievertel" A Begin bv. 'n storie vertel, net 'n paar sinne, stop bv. by "en toe….." stuur dit dan na B, B voeg iets by en stuur dan na C en so aan. (Die manier van storievertel werk ook baie lekker as die gesels om 'n kampvuur bietjie stil raak) Selfgemaakte *Handpopp*e van ou sykouse en sokkies werk ook baie goed vir rollespel.

Helde: oud en nuut - rollespel – maskers – papierborde/bokse, papierhoede selfgemaak, ens. – **"perde"!!!** - Vertel stories uit 'n ander oogpunt. Bv. Held vertel self sy storie, geredde persoon vertel weer sy kant van storie, bv. Westdene busramp, pak appelbokse soos bussitplekke – laat "busbestuurder" sy kant van storie vertel, kinders moet "doen" soos hy vertel.

Sang: Kinders sing baie lekker saam as hulle kan ritme hou met selfgemaakte **Musiekinstrumente** – skudgoed, botteltjies, blikkies gevul met sade, klippies, rys ens. Simbale blikdeksels, houtblokkies teenmekaar slaan, lepels opgehang aan vislyn aan 'n riet/stok en slaan met 'n ander lepel, "dromme" houtlepels op plastiekdeksels op koffieblikke, koeldrankdoppies ingeryg op rek om enkels en arms, 'n paar papierborde opmekaargeplak, versier, gaatjies om rand, koeldrankproppies aan toutjie deur gaatjies maak lekker tamboeryn – snesiehouer met rekkies oor maak 'n "Kitaar"

Spele: laat kinders iets uitdink om te speel met "optelgoed" - bv. stokkies (3-sprong), blikloop, baksteengooi, snesies en strooitjies, opgesnyde toiletrol-ringetjies…….

SPESIALISASIES - Kentekens: (Sien vereistes in nuwe boek) baie van bg artikels kan eenkant gesit word totdat daar genoeg is vir Bv. Handvaardigheid, Beeldende Kuns, Versamelkuns, - P/D's kan so ook aan spesialisasies begin werk wat baie ure vat om klaar te kry, al begin hul in gr 1 en hou eers hul uitstalling in gr 3 –4.

Voortrekkersimbole: Vlae – maak modelletjies – papier/verf/toutjies – gipsvoetstukke vir vlagpale ens. Voortrekkerwapen - rubbergipsvorms by depot, plak met geskeurde stukkies papier, sade, (macoroni, rys, bone, noedles ens werk ook lekker), blommetjies – noem elke deel van V.wapen se regte naam van die begin af!! Maak eie legkaarte – plak fotostaat van wapen op papbokskarton – sny uit en speel! Voortrekkersimbole kan ook op spanvaandels, hemde ens. aangebring word.

Seremonies: oefen eers met klein modelletjies soos "Uitknippoppies" lang stuk papier konsertina-gevou, sny mannetjies/vroutjies uit, gebruik vir persone wat deelneem aan seremonie (ou parade), of sokkiepoppies, 'n skaakstel kan ook baie effektief gebruik word om kinders "van 'n afstand" te laat sien en doen hoe 'n basiese seremonie werk, die kinders hanteer die skakstukke en offisier gee aanvanklik bevele en kinders "doen" dmv skaakstukkies, as hul darmee vertroud is kan hulle ook die bevele begin memoriseer. Skep atmosfeer met fakkels (leë coke bottels), papiersakke met sand en kerse, blikkielanterns, spanvaandels/vlae (lapverf / aartappeldruk ens op ongebleikte linne) – simboliese ou landsvlae – musiek – sang.

Rangkentekens en strukture: *Rollespel* – kentekens groter gedruk/geteken speld aan. Speletjies soos "steek donkie se stert aan", kan aangepas word, persoon moet geblinddoek wees, maats moet hom dan aanwysings gee/vertel waar hy kenteken op 'n groot "Onderbaadjie" moet vasplak Laat kind leer wie hy is, en vir ander vertel, bv. gebruik stomstreke- vasvra as almal nodige ken; maak *speelkaarte* soos vir "snap" met rangkentekens daarop en in plaas van snap sê jy die rang wat voor jou is; 'n tipe "rummy" kan ook so uitgewerk word vir groter kinders, slangetjies en leertjies speletjie – vra toepaslike vrae voordat jy met leer mag opgaan bv. wie dra twee goue klokkies – as persoon reg antwoord mag hy aanskuif, anders verbeur hy 'n beurt ens. maak eie reëls en pas aan by kinders se ouderdomme.

Spanidentiteit: Span kan van gr 0 al begin om hul eie spangoed te versier: hul eie "lapgoed" met lapverf, knoop en doop, aartappeldruk, ander gekoopte drukvorms gebruik of eie uitsny uit sagte balsahout met eie knipmes, bordesakke, slaapsaksakke (patroon soos wasgoedsak) tafeldoeke, plekmatjies, spanvaandels, kussingslope, spankopdoekies, spanpette, strooikussings, spanhempies, spanboekoortreksels ens. Dit lyk baie mooi en netjies as 'n mens hiermee 'n tent mooimaak vir tentinspeksie bv op gebiedskampe. Eetgerei /borde/bakkies/bekers kan geverf word met metaalverf of ge- modge-podge word., ens. "Hanggoed" (mobiles) kan ook gemaak word.

Veldwerk: Hier kan 'n mens met al die baie optelgoed (natuurlike - klippies, saadjies, vere of mensgemaak – doppies, papiertjies, blink bakkies, dekseltjies ens)– mooi goed maak! *Boekmerkies* met gedroogde blommetjies/blaarjies, *Klippe* – verf en plak, gebruik as papierge wigte, deurstoppers, plak oë op – maak 'n "troetelklip"! *Plantjies* plant in "coke"botteltuin" - verf ou blikke-plastiekplanthouertjies plant plantjies daarin of gebruik vir vaandel/vlagstaanders. Riete opgesny of dunnes gebruik vir rame vir "veldskilderye " – decopage. Veertjies vir *kaartjies*, ens., "droomvangers", saadjies ook iets wat ritsel in die wind en iets blinks – stukkie tinfoelie, koeldrankdoppies, koeldrank/bierblikkie ooptrekdingetjies, ens.!!!!. *Sleutelhouertjies* – enige dingetjie platgenoeg om te lamineer of dezi- fix oor te sit, of stokkies/houtjies gekerf, stukkies weggooileer uitgesny in enige vormpies ens. 'n Bietjie moeiliker - sleutelhouers van hars met 'n mooi klip/saadjie/skulpie wat ookal daarbinne.

Skuilings bou in die veld is ook altyd 'n groot uitdaging! Swart sakke, koerante, kartonne – "plak" lekker!!

Hierdie is maar net 'n paar idees. As ons net 'n klein "vlammetjie" by die kinders kan aansteek, sal ons verbaas staan om te sien waarmee hulle alles nog vorendag kom!

Geniet dit en lekker werk!!
Mona
(012) 3314599